**Woensdag 2 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 116**
**Fokusgedeelte: Psalm 116:16; HK, Vraag 1(j)**

## My diens aan die Here … deel van my enigste troos

In Psalm 116 vind ons die evangelie van Jesus Christus in een lied saamgevat. Die digter vertel van bande van die dood, doodsangs, trane en benoudheid. Dan sing hy egter van die Here se verlossing … hoe die Here hom van die dood gered het.

Dan, asof vanself, word die Psalm ’n lied van dank, en daarmee ’n lied wat sing van toewyding en diens: *Ek is u dienaar, Here ... U het my vrygemaak* (vs 16). Sy verlossing het nie opgehou toe die Here hom uit sy nood gered het nie; het hom nie net van sy vyande vrygemaak nie, maar het hom vrygemaak om God te dien.

My verlossing het nie opgehou toe Christus *“met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal het”* nie. Hy het my ook *“uit alle heerskappy van die duiwel verlos”*. My verlossing is ’n volkome verlossing: verlos van die skuld van die sonde, maar ook van die mag van die sonde. Ek leef nou onder nuwe heerskappy. Ek behoort mos nou aan ’n nuwe Eienaar, en Hy het my nie net gekoop en toe so laat los nie, Hy maak my ook deur sy Heilige Gees *“van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe”*.

As ek kan sing *“in droefenis droog u o Heer my trane”* … dan sing ek ook daarmee saam: *U lei my voet langs nuwe lewensbane*. Ek kan en wil nou lewensbly in sy lig leef. My lewe van dank is onlosmaaklik deel van my verlossing uit my ellende. Dis deel van my “behoort” aan my nuwe Eienaar, Jesus Christus. Ek mag nie met minder tevrede wees nie. Dit is deel van my enigste troos in lewe en in sterwe.

*Sing: Psalm 116-1:7-10*

*Ds. C (Cassie) Aucamp (Bergsig/Andeon)*